



LANSKAPRIGLYNE - NEGESTER

Die primêre doelwit van hierdie landskapriglyne is om die unieke eienskappe van die Bosveldlandskap, waarin Negester geleë is, te bewaar en te bevorder. Die bewaring van groenstroke dra by tot die biodiversiteit van plante asook insek, reptiele, voëls en soogdiere.

Deur die stroke te bewaar verseker ons 'n gesonde Bosveld habitat. Groenstroke verseker ook voedsel en huisvesting vir Bosveld diere. Sonder goedbewaarde groengebiede sal ons die wildewe wat bokke, ystervarke, muskeljaatkatte, boskatte, grondeekhorings, naguiltjies, asook vele voordelige insekte, om maar net 'n paar te noem, moet groet en is ons maar net 'n landgoed vol huise in die Bosveld.

Groenstroke is die dele op die landgoed tussen huise waar die erwe nie teenmekaar is nie asook dele tussen huise in die binnekant van 'n blok. Die groenstroke tussen erwe is nie deel van eienaars se eiendom nie maar behoort aan die HEV en is dus gemeenskaplike grond.

- Inwoners mag **geen** ontwikkeling in die groenstroke maak nie. Die aanplantings van grasperke, plante soos aalwyne of grondbedekkers word nie in groenstroke toegelaat nie. Geen strukture soos sitplekke, fonteine, potte, stoor areas, braai areas, parkeerplek, besproeiing ens. mag in die groenstrook aangebring word nie.
- Inwoners mag nie die habitat versteur deur bome, stompe, plante, rotse of selfs dooie plantmateriaal uit die groenstroke te verwyder nie. Groot dooie bome mag nie afgesny word nie behalwe as hulle 'n onmiddellike gevaar inhou vir aangrensende huise en dan slegs met die toestemming van die landgoedbestuurder.
- Groenstroke mag nie verlig word nie omdat dit die nagdiere (en dagdiere) se bedrywighede versteur. Geen ligte mag in groenstroke aangebring word nie en sogenaamde "spot lights" mag ook nie deurnag skyn nie, ligbesoedeling verhinder veral diere soos naguiltjies en nagapies.
- Geen aanplanting van bome in groenstroke mag sonder die goedkeuring van die HEV (Huisseienaarsvereniging) en OBG (Omgewingsbewaringsgroep) plaasvind nie, slegs inheemse bome mag aangeplant word.
- Geen vrugtebome mag aangeplant word nie.

Natuurlike gras dien as weiding en mag nie tot op die grond afgesny word nie. Dit is belangrik dat die gras toegelaat word om saad te skiet vir voor durende hervestiging en winterbeweiding asook skuiling van natuurlike inwoners.

In die geval van 'n brandgevaar mag eienaars 'n strook van 2 meter met 'n onkruidvreter afsny, geen inheemse gras en plante mag uitgehaal of afgesteek word nie. Indien eienaars bang is vir slange dan mag hulle 'n 2 meter strook skoon sny maar geen plante en gras mag uitgehaal word nie.

Grasperke:

Grasperke moet netjies afgesoom word en afgesteek word, omsooming deur die plaas van klein randsteentjies, ens. is geskik om te keer dat graslopers die veld binnedring.

- Gras mag nie toegelaat word om tot in die groenstroke te groei nie.
- Geen grasperke mag in groenstroke geplant of onderhou word nie.
- Beskerming van nuwe tuine - elektriese draadjies sal vir 'n maksimum periode van 12 maande toegelaat word.
- Beskerming van plante/bome – 'n omheining wat nie groter as 1m in deursnee is, sal toelaatbaar wees.

Die nakoming van die reëls bly die eienaar se verantwoordelikheid en nie die van kontrakteurs wat deur eienaars aangestel is vir tuinontwikkeling/onderhoud nie.

Kikoejoe (*Pennisetum clandestinum*) en ander indringergrasse mag nie geplant word nie. Slegs Buffelsgras (*Stenotaphrum*), Kweek/Bermudagrass (*Cynodon dactylon*) of LM (*Dactyloctenium*) word toegelaat.

Nuwe erwe:

Dit is uiters belangrik dat beplande tuine ingedagte gehou moet word met die plasing van die huis. Sommige erwe leen hulle aan redelike tuine voor of agter die huis, maar selde aan tuine weerskante van die huis. Vir tuine mag die groenstroke buite die erf se merkers, nie binnegedring word nie.

Indien daar twyfel is skakel vooraf met Dawie van Niekerk op 071 734 3618.

Bestaande erwe:

Eienaars word versoek om nie buite hulle erfgrense tuin te maak nie. Indien u reeds oor die grense is word u versoek om stelselmatig die tuine terug te bring na die wettige grense. Indien dit lyk na 'n onmoontlike taak, kontak die HEV en OBG vir samewerking en voorstelle hoe die groenstroke gerehabiliteer kan word.

Toediening van gif:

- Geen gif mag deur ongemagtigde persone op enige area- veld of groenstrook gespuit of gebruik word sonder die toestemming van die Landgoedbestuurder nie.

- Die beheer van indringer plante soos lantana, bankrot bos ens. mag slegs onder toesig van persone met die nodige kennis geskiet.
- Geen gif vir diere van welke aard mag in enige area- veld of groenstrook uitgesit word of toegedien word sonder die toestemming van die Landgoedbestuurder nie.
- Alle plaagbeheer besighede wat gif toedien van welke aard ook al moet toestemming verkry by die **HEV** kantoor alvorens hulle die werk kan doen.
- Geen persoon mag vir miere of termiete spuit buite of langs hul erwe nie. Slegs as termiete 'n gevaar inhou vir 'n woning mag hulle bestry word. Die Landgoedbestuurder moet van so 'n aksie in kennis gestel word.

Vir enige navrae, hulp of inligting skakel gerus met die Landgoedbestuurder:

Dawie van Niekerk

071 734 3618

dawiev@negester.co.za

AANBEVOLE PLANTELYS

Hierdie is aanbevelings van plante wat goed in die Breëblaarbosveld groei. Inheemse bome wat nie hier aard nie, of te groot is vir ons tuine word nie genoem nie. Hierdie is slegs riglyne, alle inheemse plante mag geplant word.

Bome

Bergkaree (*Searsia leptodictya*)*
 Bergsering (*Kirkea wilmsii*)
 Blinkblaar-wag-'n-bietjie (*Ziziphus mucronata*)
 Blompeer/Bruidjie-van-die-Bosveld (*Dombeya rotundifolia*)*
 Bloughwarrie (*Euclea crisp* subs. *crispa*)*
 Bloughwarrie (*Euclea crisp*)*
 Bosveldbloubos (*Diospyros lyciodes* subsp. *guerkei*)*
 Bosveldkandelaarnaboom (*Euphorbia cooperi*)
 Brandtaai-bos (*Searsia pyroides*)
 Doppekiaat (*Pterocarpus rotundifolius* subsp. *rotundifolius*)
 Doppruim (*Pappea capensis*)
 Enkeldoring (*Acacia robusta*)
 Fluweelboswilg (*Combretum molle*)*
 Gewone ghwarrie (*Euclea undulata*)*
 Haak-doring/Wag-'n-bietjie-doring (*Searsia caffra*)*
 Haak-en-steek (*Vachellia tortilis* subsp. *heteracantha*)
 Huilboerboon (*Schotia brachypetala*)
 Huilboom (*Peltophorum africanum*)*
 Kameeldoring (*Vachellia erioloba*)
 Kannabas (*Dais cotinifolia*)
 Karee (*Rhus lancea*)*
 Karee (*Searsia lancea*)*
 Kasuur (*Pittosporum viridiflorum*)
 Kiepersol (*Cussonia paniculata*)*
 Kiepersol (*Cussonia spicata*)
 Kierieklapper (*Comretum hereroense*)*
 Kokoboom (*Maytenus undata*)
 Koraalboom (*Erythrina lysistemon*)
 Kurkbos (*Mundulea sericea*)*
 Laventelboom (*Heteropyxis natalensis*)*
 Laventelkoorsbessie (*Croton gratissimus*)*
 Lekkerbreek (*Ochna pulchra*)*
 Lekkerruikpeul (*Vachellia* sp.)
 Moepel (*Mimusops zeyheri*)*
 Naboom (*Euphorbia ingens*)*
 Nanabessie (*Searsia dentata*)
 Notsung (*Halleria lucida*)

Olienhout (*Olea europaea* sunsp. *africana*)
 Ouhout (*Leucosidea sericea*)
 Papierbasdoring (*Acacia sieberiana* var. *woodii*)
 Papierbasvalsdoring (*Albizia tanganyicensis* subsp. *tanganyicensis*)*
 Pietersieliebos (*Heteromorpha arborescens* var. *abyssinica*)
 Raasblaar (*Combretum zeyheri*)*
 Riviervaderlandswilg (*Combretum erythrophyllum*)
 Sekelbos (*Dichrostachys cinerea* subs. *africana*)*
 Soetdoring (*Vachellia karoo*)
 Stekelblaarklapper (*Strychnos pungens*)*
 Swartbas (*Diospyros whyteana*)
 Taaibos (*Searsia pyroides*)*
 Transvaalkatjiepierung (Gardenia volkensis)*
 Vaalboom (*Terminalia sericea*)*
 Vanwykshout (*Bolusanthus speciosus*)*
 Waterbergkiepersol (*Cussonia transvaalensis*)
 Waterbessie (*Syzygium cordatum*)
 Wildekatjiepierung (*Rothmannia capensis*)
 Wildemispel (*Vangueria infausta*)*
 Wildeperske (*Kiggelaria africana*)
 Witpeer (*Apodytes dimidiata* subsp. *dimidiata*)
 Witstinkhout (*Celtis africana*)*
 Witysterhout (*Vepris lanceolata*)

*Bome met * gemerk is endemies aan ons omgewing en groei goed in ons tuine.*

Struik

Beeskloof (*Bauhinia tomentosa*)*
 Blinkblaar (*Rhamnus prinoides*)
 Blou heuningklokkiebos (*Freylinia tropica*)*
 Blousyselbos (*Plumbago auriculata*)
 Bosveldbloubos (*Diospyros lycioides* subsp. *guerkei*)*
 Bosviooltjie (*Barleria obtusa*)
 Deurmekaarbos (*Ehretia rigida*)
 Draaibos (*Felicia filifolia*)
 Fynblaarrooihout/Mickey-Mouse-bush (*Ochna serrulata*)
 Geelkeurtjie (*Eriosema psoraleoides*)
 Gemmerbos (*Tetradenia riparia*)*
 Gouemagrietjie (*Euryops pectinatus*)*
 Grootnoemnoem (*Carissa macrocarpa*)
 Jembekkie (*Ruttya fruticosa*)
 Kaapse kanferfoelie (*Tecoma capensis*)*
 Kersbruidsbos (*Pavetta gardeniifolia* var. *gardeniifolia*)
 Kleinkoraalboom (*Erythrina humeana*)
 Kraalnaboom/"Firesticks" (*Euphorbia tirucalli*)*

Kruisbessie (*Grewia occidentalis*)*
 Lemoentjiedoring (*Cassinopsis ilicifolia*)
 Pienksalie (*Orthosiphon labiatus*)
 Poublom/geel wilde iris (*Dietes bicolor*)
 Ranknoemnoem (*Carissa edulis*)
 Rosyntjebos (*Grewia flava*)*
 Saliehout (*Buddleja salviifolia*)*
 Sandolien (*Dodonaea angustifolia*)
 Silwersuikerbos (*Protea roupelliae*)
 Skurweblaarosyntjie (*Grewia flavescens*)*
 Snuifkalbassie (*Oncoba spinosa*)
 Spekboom (*Portulacaria afra*)
 Spoorsalie (*Plectranthus fruticosus*)
 Vaalrosyntjie (*Grewia monticola*)*
 Vlam-van-die-vlakte/ Pride-of-de-Kaap (*Bauhinia galpinii*)*
 Vlesige Bos-senecio/Jelly beans (*Senecio barbertonicus*)*
 Wilde iris (*Dietes grandiflora*)*
 Wildedagga (*Leonotis leonurus*)*
 Wildeparasolblom/Chinese-hat plant (*Karomia speciosa* forma *speciosa*)
 Witolien (*Buddleja saligna*)*

*Struik met * gemerk aard baie goed hier.*

Meerjarige kruid, grondbedekkers en bolplante

Aalwyne verskeie soorte
 Agapante verskeie soorte
 Aspersievaring (*Asparagus asparagoides*)
 Balsem kopiva/Katstert (*Bulbine frutescens*)
 Barbertonse madeliefie (*Gerbera jamesonii*)
 Botterblom (*Gazania krebsiana*)
 Boslelie (*Clivia miniata*)
 Gestreepte varing (*Pteris vittata*)
 Groot wilde-iris, Feë-iris (*Dietes grandiflora*)
 Hen-en-kuikens (*Chlorophytum comosum*)
 Jakkalsstert (*Asparagus densiflorus Meyersii*)
 Knoffelblommetjies (*Tulbaghia violacea*)
 Malva (Pelargonium) verskeie soorte
 Nooienshaarvaring (*Adiantum capillus-veneris*)
 Olifant-se-tandestokkies (*Sansevieria* sp.)
 Oranjerivierlelie (*Crinum bulbispermum*)
 Plakkie/Beestebul (*Crassula ovata*)
 Plakkies (*Cotyledon orbiculata*)
 Poublom, Uiltjie (*Dietes bicolor*)
 Sabielelie (*Crinum macowanii*)
 Skaduplakkie/Feetjieplakkie (*Crassula multicava*)

Skinderplant (*Plectranthus verticillatus*)
Skoonma-se-tong (*Sansevieria hyacinthoides*)
Smaragvaring (*Asparagus densiflorus Sprenger*)
Varkore (*Zantedeschia aethiopica*)
Wildepynappel (*Eucomis autumnalis*)

Rankplante

Blomklimop (*Senecio macroglossus*)
Clematis-klimop/Traveller's Joy (*Clematis brachiata*)
Geelklokkies (*Littonia modesta*)
Hikklimop (*Combretum bracteosum*)
Sterretjiesjasmyn (*Jasminum multipartitum*) NIE die Chinese Sterjasmyn nie
Swartoognooi/Black-eyed-Susan (*Thunbergia alata*)
Vlamklimop (*Comretum microphyllum*)

Daar is werklik duisende inheemse Suid-Afrikaanse plante.

Vir 'n volledige lys, besoek die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut (SANBI) se webwerf: pza.sanbi.org

